RSA-MIL-STD-102

EVALUATION CRITERIA FOR THE QUALIFICATION OF AMMUNITION TESTING FACILITIES

BESTEK

1. Doel

1.1 SABS 0157 Deel 1 (1987) voorsien gebruikskodes vir die kwaliteitbestuur van organisasies. Die doel van RSA-MIL-STD-102, is om die standaard te stel vir gebruik gedurende die evaluasie of oudit van 'n toetsfasiliteit wat data tov ammunisie genereer, mits die standaard kontraktueel vereis word. Geen onderskeid word tussen moontlike verskillende toetsfasiliteite getref nie.

2. Toepassing

2.1 Die kwaliteitbestuurstelsels vir 'n toetsfasiliteit moet afdoende voorsiening maak vir alle aktiwiteite wat in SABS 0157 vereis word. Indien die ouditeur van mening is dat die vertolking en toepassing van 'n bestuurstelselelement nie voldoende is nie, meet hy sodanige leemtes in sy verslag uitwys.

2.2 Verslae en data wat gegenereer word deur middel van die verskillende procedures en werksinstruksies word as sulks gebruik gedurende die oudits ten einde die effektiwiteit en doelmatigheid van die bestuurstelsels te bepaal.

3. Toepassingsriglyne

3.1 Indien daar tydens beplanning en oudit gevind word dat RSAMIL-STD-102 te kort skiet, moet die volgende tydelik as riglyn aangewend en opgevolg word met 'n versoek vir wysiging van RSA-MIL-STD-102 :

a) SABS 0157 deel een en deel vier moet gelees en die beginsels ter sprake bepaal word.
b) Met inagneming van die feit dat 'n meetproses ter sprake is (teenoor die taal van SABS 0157 wat gerig is op 'n proses wat hardeware genereer), word die beginsels op die meetproses toegepas.
c) Die versoek vir wysiging ntoet aan die Krygkor verteenwoordiger en D MUN voorgelê word. Indien die wysiging in terme van onderlinge kontraktering plaasvind, meet die wysiging kontraktueel plaasvind en as sodanig in die kontrak aangeteken wees.

3.2 Indien die toetsfasiliteit deel vorm van 'n Maatskappy kan daar van die maatskappystelsels self gebruik gemaak word, mits die bestaande stelsels se dokumentasie spesifiek aandui dat daar vir die behoeftes van die toetsfasiliteit voorsiening gemaak word.

3.3 Indien die toetsfasiliteit deel vorm van 'n maatskappy en slegs gedeeltelik van 'n maatskappystelsel gebruik maak, dan meet daar in die,MRI 'n dokument bestaan wat aandui welke deel van die bestaande stelsel gebruik word en hoedanig daar tov die res van die vereistes voorsiening deur die toetsfasiliteit self gemaak word.

3.4 Indien dit sou gebeur dat 'n sekere element van RSA-MIL-STD-102 glad nie van toepassing is nie, moet die toetsfasiliteit dit as sodanig in hul kwaliteitbestuurstelseldokumentasie aandui.